**REEKS:** 30 Dae om te leef

**TEMA:** Deel 3

"Today I interviewed a woman who is terminally ill. "So", I tried to delicately ask, "What is it like to wake up every morning and know you are dying?" "Well," she responded, "What is it like to wake up every morning and pretend that you are not?"
***MMT***

"Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek …"
***Prediker 3:1-2 (AFR83)***

"Later kon ek dit nie meer uithou nie. Binne-in my het dit soos 'n vuur gebrand. Toe het ek tog gepraat. Ek het vir die Here gevra: Hoe lank sal ek nog leef? Hoe kort gaan my lewe wees? Ek wil weet hoeveel tyd ek nog oorhet! Wanneer kom my einde? Here, U gee my maar 'n kort lewe. In u oë is 'n mens se lewe amper niks. Ons gaan so gou dood. Die mens se lewe is net soos 'n flitslig wat jy aan- en afskakel. Dit skyn 'n kort rukkie, dan gaan dit dood. Die mens hou hom met baie dinge besig. Hy sloof hom af. Hy maak 'n klomp besittings bymekaar. Maar hy weet nie wie dit alles gaan erf nie."
***Psalm 39:4-7 (DB)***

**VERHOUDINGS IS DIE EEN KONSTANTE DING IN ONS LEWE**

**VERHOUDINGS EN DIE LEWE IS ONLOSMAAKLIK VERBIND AANMEKAAR**

"Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het. Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."
***Genesis 2:7 en 18 (AFR83)***

"Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees. Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper,'n gelyke, gekry nie."
***Genesis 2:19-20 (AFR83)***

"Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe. Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem."
***Genesis 2:21-23 (AFR83)***

**DRIE VERHOUDINGS WAT VAN UITERSTE BELANG IS**

“Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: “Wat is die heel grootste gebod?” Jesus antwoord hom: “Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’ Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.”
***Markus 12:28-31 (AFR83)***

“As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.”
***Efesiërs 4:26-27, 31-32 (AFR83)***

**MITES AS DIT KOM BY VERGIFNIS**

1. *Vergifnis is om te vergeet en vergewe.*
2. *Vergifnis is ‘n gevoel.*
3. *Ons kan die verhouding hervat sonder enige nuwe grense.*

**WARE VERGIFNIS**

1. *Is vinnig en deeglik.*
2. *Is om my reg tot wraak prys te gee.*
3. *Is om jou kwaad in ‘n seënwens te verander.*
4. *Is om te herfokus op God se plan vir jou lewe.*